



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

JUNIE 2014 Nr 42

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

My roeping en hulle roeping

Een aspek van 'n missionale kerk vereis dat lidmate kerk sal wees waar hulle werk, leef en speel. Dit beteken elke lidmaat het 'n bediening waar hulle as die verteenwoordigers van Christus leef en werk. Tom Nelson van Leawood, Kansas vertel hoe hy tot die besef gekom het dat hy sy lidmate nie hiervoor toerus nie. Hy was vas onder die indruk dat die uitleef van die lidmate se roeping is om sy roeping te help uitleef en dat hulle dan by die kerk betrokke sal wees om hierdie doel te verwesenlik.

Daarom is daar 'n pastorale breuk tussen Sondag se prediking en Maandag se lewe van die gemeente. Dit beteken dat daar ook 'n Teologiese breuk tussen die prediking en die realiteite van gemeentelide is. Dit dra by tot die misverstaan van die verband tussen geloof, werk en 'n ingewikkelde finansiële werklikheid. Wat ons dan mis, is die feit dat die Evangelie vir elke aspek van ons lewe iets te sê het. Vir die lidmate, verdwyn hulle vriendelike glimlag van Sondag by die kerk baie vinnig op 'n Maandag, omdat hulle nie geestelik vir die realiteite van die week toegerus word nie.

Dit vra 'n nuwe kyk na lidmate se roeping. Reeds by Calvyn kry ons die verbinding tussen Sondag en Maandag, met die groot klem wat hy op roeping plaas. Jesus (as skrynerker), se kontak met mense is altyd wáár hulle is. Paulus die tentmaker het iets verstaan van die werk en ekonomie van sy tyd. Daar was baie begrip vir die waarde en waardigheid van elke dag se werk. Tom Nelson verduidelik dat hy besluit het om sy taal te verander. "Voltydse bediening" van die dominees, beskrywings van "kerklike werk" en "sekulêre wêreld", moes verdwyn. Pastorale besoeke was nie meer beperk tot grootliks hospitaalbesoeke nie – hy was nou ook weekliks by lidmate se werksplekke. Alles by dié gemeente was gerig op die toerusting van lidmate vir hulle roeping.

Die skuif was nie net om Sondag met Maandag te verbind nie, maar om Maandag in alles van die Sondag te betrek. By die lidmate het die besef ontstaan dat hulle betaalde en onbetaalde werk nou alles in Sy diens is.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2014:

Sluitingsdatum vir aansoeke: 6 Junie 2014

SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029

Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede. Daar is aan almal op die registrasielys 'n 2de e-pos gestuur – diégene wat nog nie bevestig het nie, moet asseblief so maak. Indien u nie die e-pos ontvang het, kan u my by shepherd@ufs.ac.za kontak.

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Module 1 en 2 – Kamer 120. Module 3 (Dag 1 en 2) – Kamer 21

Dag 1: 10:00 – 17:00

Dag 2: 09:00 – 17:00

Dag 3: 09:00 – 13:00

Nege modules oor 3 jaar versprei:

Jaar 1: 2014

Mod 1	17 19 Junie	Aanbieders: Dr Gerhard Botha/Prof Rian Venter <i>Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan</i>
Mod 2	15 17 Sept	Aanbieder: Prof Kobus Schoeman <i>Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?</i>
Mod 3	17 19 Nov	Aanbieder: Prof Rian Venter <i>Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie</i>

24 – 26 JUNIE 2014: KORT KURSUS IN KONFLIK- OPLOSSING: 'N PASTORALE PERSPEKTIEF

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120

Tyd: 08:30 – 16:00

Koste: R2 200pp (sluit verblyf en etes uit) - **20 VBO-punte**

Registrasie: SMS D31741, u naam en e-posadres na 31029

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:
[Shepherd Centre UFS](https://www.facebook.com/ShepherdCentreUFS)

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.